

## Dissipelskap avonture - DAAGLIKSE RITME

### Sessie 5 van 10: Die legkaart ritme, Wat is my unieke bydra?

I. Gebruik 'n paar minute om ten volle van God se teenwoordig bewus te word. Haal diep asem en nooi God uit om jou te ontmoet.



II. Lees die gebed 'n paar keer en laat dit oor jou spoel

III. Lees vandag se teks en oordenking met 'n bewustheid dat God Homself wil openbaar. Alhoewel net een teksvers beklemtoon word, is dit goed om die tekste rondom die vers ook te lees.

#### I. WORD STIL

#### II. RITME GEBED

Here, U is ons Drie-enige God - U het my uniek gevorm en U het my geroep om 'n unieke bydra te maak in die gemeenskappe waar ek leef. Help my om te dien.

#### III. LEES EN LUISTER

##### Dag 1: Psalm 139

Vers 13-14: *U het my gevorm, my aanmekeargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering.*

Jou lewensverhaal begin met jou geboorte in 'n spesifieke "skoot". Hoe sal jy jou verhouding met jou biologiese of pleegouers beskryf? Wat is van jou grootste vreugdes in jou lewensverhaal (geboortes, troues, ander feesvieringe).

##### Dag 2: 1 Korintiërs 4:14-17

Vers 15: *"want al sou julle ook duisende leermeesters in Christus hê, baie vaders het julle nie. Deur die verkondiging van die evangelie is ek in Christus Jesus julle vader."*

As jy terugkyk oor jou lewensverhaal wie is die mentors/betekenisvolle mense wat vir jou lewe gegee of verandering in jou lewe gestimuleer het?

##### Dag 3: Genesis 50:18-20

Vers 20: *"Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het."*

Watter mense het jou die seerste sover gemaak? Wat is die oomblikke van pyn en trauma in jou storie?

## OEFENING VAN DIE WEEK:

In hierdie week gaan jy weer 6 geleenthede kry om tyd met God te spandeer. Jy gaan jou lewensverhaal tot op hede oordink. Elke dag se Skrif refleksie en vrae gaan jou help om hierdie storie te skryf.

### Dag 4: 2 Timoteus 1:3-7

Vers 7: "Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas."

Watter opvoeding het jy al in jou lewensstorie ontvang (skool, grade, kursusse, persoonlikheidstoetse ander hulpmiddels)? Hoe vuur jy hierdie geskenke aan?

### Dag 5: Handeling 13:36

Vers 36: "En volgens die besluit van God het Dawid tog gesterwe nadat hy die mense van sy tyd gedien het. Hy is by sy voorvaders begrawe, en sy liggaam het vergaan."

Watter rol speel die land waarin jy leef in jou lewensstorie? Hoe die jy die mense van jou tyd in jou storie?

Dag 6: Gaan deur die vorige dae se Skrifte en gedagtes en trek 'n tydlyn van jou lewensstorie op, "Wat is die sleutelgebeure wat jou lewe vandag stempel?"<sup>1</sup>. Dra dan jou lewensstorie in gebed aan God op.

*IV. Lees deur die volgende vrae en antwoord die 1/2 wat tans tot jou spreek. Dit mag nuttig wees om van jou gedagtes neer te skryf*

*V. Skryf enige praktiese idees of waarhede neer wat jy graag wil saamdra vir jou dag: Wat ervaar jy wil God vir jou sê? Maak die Heilige Gees jou bewus van iemand of om iets prakties te doen?*

*VI. Praat met God oor wat jy gedink en ervaar het in jul tyd saam. Luister ook na Sy hart en wat Hy wil sê*

## IV. DINK NA

Wat voel ek sê hierdie teks oor God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met my naaste? Hoe kan ek oor my lewensverhaal reflekteer deur die lens van hierdie teks?

## V. WOORD IN AKSIE

## VI. GEBED VIR DIE DAG

<sup>1</sup> Met erkenning aan Gys van Schoor vir inspirasie vir hierdie stuk se refleksie vrae